# EDITORIAL

# REDAKSIONEEL



As ours is a bi-monthly magazine it may seem a trifle silly at this stage to still hark back to the FIFA Soccer World Cup as it is now part of history. But then, if I don't, it may convey the wrong message, i.e. that I evinced no interest in this fabulous, heartwarming and nation building phenomenon or that I perhaps was abroad at the time. Neither of these are true. I was very much part of it - officially and unofficially - and overall it was a great and moving experience (a subject I touched on in a previous editorial). Our Library week theme, *Read the game…score @ your library,* was indeed also based on soccer as were all the relevant promotional items - so in the office we were very much in sync with what was happening around us. The vibe in the Mother City, the newly renovated station, the fan parks, the thrilling fan walks, our beautiful stadium - I saw and experienced it all. I enjoyed dinner parties with soccer theme menus and décor - all of which were very special. And of course, I must mention our librarians. As with any special event, they rose to the occasion. Elsewhere in the magazine we share some of the innovative displays and interesting activities held in libraries - not only during Library Week (page 17) but also during the year as a lead up to the event. A final thought on the topic - I have to agree with the headlines of a front page article in a local newspaper in which Premier Helen Zille warned that we will suffer from a soccer hangover - because we are. But then, as she also said, a lot of good will have come from it and indeed it did!

Another positive is the implementation by the end of the year of the new Brocade system in libraries. Although the transition will probably be a nightmarish experience, the pros will far outweigh the cons. On page 12 Assistant Director: Technical Services, Bradley Meyer, deals with some frequently asked questions about the system and its implementation.

The second and final part of Stanley Jonck's article on the extensive purchase by the Service of Afrikaans novels and prose appears on page 26 and makes for inspiring reading. Again it leaves one with a long list of 'must read before I die' books.

For our movie buffs Alexander van der Poll, a regular correspondent, who frequently delights us with his contributions, advises readers on page 47 on the A-Z of how to acquire and develop one's own DVD library.

Diabetes is an illness which is far more prevalent than most people realise. Graphic Designer Olivia Forshaw has put together a display which, together with the promotional material recently sent to libraries, should create a greater awareness of the illness (page 51).

Until next time.

Aangesien ons tydskrif slegs twee-maandeliks verskyn, klink dit dalk afgesaag om iets oor die FIFA Sokkerwêreldbeker te skryf omdat dit lankal iets van die verlede is. Maar dan loop ek die gevaar dat lesers moontlik die verkeerde boodskap kry, byvoorbeeld, dat ek geen belang gehad het nie by hierdie wonderlike geleentheid wat ons land met so 'n warm-om-die-hart-gevoel verenig het, of dat ek dalk landuit was. Wel, nie een van die twee is waar nie. Inteendeel, ek was hart en siel deel daarvan - amptelik en nie-amptelik - en dit was deur en deur 'n ongelooflike ervaring. (Ek het inderdaad reeds in 'n vorige rubriek die onderwerp aangeraak.) Ons Biblioteekweektema, *Lees die spel…wen @ jou biblioteek*, was op sokker gebaseer asook alle relevante promosiemateriaal - ons kantoor was dus heeltemal in pas met wat daar buite gebeur het. Die atmosfeer in die Moederstad, die pasgerestoureerde stasie, die `fan parks' en opwindende `fan walks', ons pragtige stadion - ek het dit alles gesien en ervaar, dinees bygewoon waarvan die tema van die spyskaarte sowel as die dékor, sokker was - om op te som, alles rondom die geleentheid was besonders. En natuurlik, ons bibliotekarisse - gee hulle 'n spesiale geleentheid - en jy's verseker dat hulle met iets innoverend vorendag sal kom. Elders in die tydskrif (bladsy 17) verskyn foto's van uitstallings en aktiwiteite met 'n sokkertema wat voor en tydens Biblioteekweek plaasgevind het. Net 'n laaste woord oor die onderwerp - ek kan nie anders as om met die stelling van Premier Helen Zille in 'n voorbladartikel van 'n plaaslike koerant saam te stem dat ons agterna met 'n sokkerbabalaas gaan sit nie - dit is wel so. Maar, soos sy tereg ook gesê het, baie positiewe dinge sal daaruit voortspruit en dit is ook waar!

Nog 'n positiewe gebeurtenis is die beplande nuwe stelsel, Brocade, waarna biblioteke aan die einde van die jaar gaan oorskakel. Alhoewel die oorskakeling sekerlik ietwat van 'n nagmerrie-ervaring vir baie sal wees, sal die voordele die nadele beslis oorskadu. Op bladsy 12 bespreek Assistentdirekteur: Tegniese Dienste, Bradley Meyer, etlike vrae oor die stelsel en die implementering daarvan.

Die tweede bydrae van Boekkeurder Stanley Jonck oor die Diens se uitgebreide aankope van Afrikaanse romans en kortprosa verskyn op bladsy 26. Dit sorg vir heerlike leesstof en laat mens weereens met 'n lang lys van 'boeke wat ek moet lees voordat ek doodgaan'.

Vir ons fliekentoesiaste is daar op bladsy 47 'n indiepte bespreking deur Alexander van der Poll, ('n korrespondent wat ons dikwels vermaak met sy interessante bydraes oor die filmwêreld), oor die A-Z van hoe om te werk te gaan om 'n eie volledige videobiblioteek op die been te bring.

Diabetes! Baie meer mense as wat die man-op-straat dink ly aan hierdie siekte. Op bladsy 51 bied Olivia Forshaw, ons grafiese kunstenaar, 'n uitstalling aan om hierdie onderwerp aan te spreek. Dit, tesame met die promosiemateriaal wat onlangs aan biblioteke versend is, behoort gebruikers meer bewus van hierdie siekte te maak.

Tot 'n volgende keer.

Grizéll


*Editor • Redakteur*
Grizéll Azar-Luxton
Tel: (021) 483-2446

*Layout / Photography*
*Uitleg / Fotografie*
Olivia Forshaw

*Administration and Advertising*
*Administrasie en Advertensies*
Szerena Knapp
Tel: (021) 483-2483
Faks / Fax: (021) 419-7541

*Web site • Webtuiste*
www.capegateway.gov.za/library

*E-mail • E-pos*
capelib@pgwc.gov.za
grizell@iafrica.com

*Address • Adres*
PO Box 2108 Cape Town, 8000
Posbus 2108 Kaapstad, 8000

*Indexed in • Geïndekseer in*
LISA (Library and Information Science Abstracts)

*Reproduction and Printing*
*Reproduksie en Drukwerk*
Amazon Media

*Cover design • Omslagontwerp*
Jack Russell Design



© Library Service © Biblioteekdiens



SA ISSN 0 008 5790


***Editorial policy***

The **Cape Librarian** is the house journal of the Western Cape Provincial Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

***Redaksionele beleid***

Die **Kaapse Bibliotekaris** is die huisblad van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en verskyn twee-maandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinslyste asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.


Department of Cultural Affairs and Sport
Departement van Kultuursake en Sport